**Die slang by Joe's Beerhouse.**

Ek lees so tydjie gelede van 'n allemintige 3.5 meter mamba wat amper yslike konsternasie by my gunsteling eet- en kuier plek in Windhoek veroorsaak het. "Amper" is die 'magic' woordjie in die vorige sin: Kortom: Die slangetjie is blykbaar tydens 'n stil tydjie by Joe's deur 'n werknemer opgemerk, 'n slag vanger is ontbied, en die handige - en oënsynlik vreeslose kêrel - het die outjie toe blykbaar sagkuns verwyder, in 'n pastiek drom toegemaak, en êrens weer loop loslaat – vermoedelik tot die geweldige ontsteltenis van sy nuwe tuiste se muis- en haas medebewonders.

So wat dit betref, het die storie besonders onmerkwaardig begin, en ge-eindig.

Toe ek en Bernhard een middag met die honde langs die Eersterivier gaan stap, gesels ons weer oor die insident – en meer spesifiek or hoe anders die verhaal kon uitdraai.

Ons kom van Suidwes af. Ons ken die plek en die mense. Glo my – dit kon baie anders verloop het!

Sê nou die slang was nie vroegoggend raakgesien en stil-stil deur 'n handige man met 'n stok en emmer verwyder nie. Sê nou die outjie het sy opwagting gemaak deur uit die dak te foeter – op 'n tafel, omring deur 24 bejaarde Italiaanse toeriste, en terwyl Joe's uit sy nate bars…

Vir die wie nog nie daar was nie (sies! skaam julle!) – Joe's kan 550 gaste gelyk voer. Dis wat ons noem 'n 'groot' restaurant en kuierplek. En as 550 mense eers sit, staan daar op 'n redelik gemiddelde aand nog so 150+ by die kroeg om die ergste dehidrasie moedig met hand en tand te beveg.

Verbeel jou die mamba het op so tydjie uit die dak gefoeter, en met sy aankoms besef dat hy waarskynlik nie lank genoeg gaan leef om uit sy balans fout te leer nie.

Mmmmm…

Ek spekuleer, maar ek vermoed die (effe wind-uit) mamba sou die situase opgesom het, en na diep nadenke besluit het om sy reis na die hiernamaals nie aleen aan te pak nie. Wie weet – miskien dink slange mense het goeie padkos potensiaal op pad na die Ewigheid toe, of miskien is slage net bang om alleen hul nuwe vlerkies uit te toets…

Soos ek en Bernhard toe oor die konsternasie loop en giggel – en die gevolge wat 'n ander tydsberekeing, met die regte (of verkeerde "mix" gaste) kon meebring, raak die potensiële storie toe al snaakser.

Toe ons omdraai om te begin terug stap, besluit ons hierdie is 'n storie waarvan die omvang in een of ander parallelle uitspansel vertel moet word.

Ons besluit toe om die storie te vertel van toe die mamba een aand om 20h30 uit die dak geval het. Op 'n besige aand – een waar die kelners skarrel en die bar-manne liters en liters bier en Jaëgermeister oor verskeie toonbanke aangee…

**'n Paar dae vroeër:**

Joe’s is ‘n Windhoek legende. Dis waarskynlik net so bekend as Suidwes en Sossusvlei self. Dis een van daai plekke – as jy met iemand praat wat te kenne gee dat hy / sy al in Windhoek was, en jy agterkom die persoon weet nie van Joe’s nie - dat jy jou beursie en kjenners effe beter onder oog hou.

Filemon werk al by Joe’s, van voor Joe’s is waar hy nou is. Hy het saamgekom van die ‘ou’ Joe’s af. Joe’s is nog steeds Joe’s, maar hy het al ‘n keer van staanplek verander.

Oor die jare het Filemon een van Carol se groot staatmakers geword. Een van sy bestuurs-take is om te verseker dat die rommel en oorskot vanuit verskeie kombuise en kroeë en saamkoms plekke ordelik bymekaar gemaak word, gesorteer word, en na spesifieke plekke geneem word, van waar dit dan afgevoer word.

‘n Plek soos Joe’s het indrukwekkende logisitek waarvan mens nie aldag bewus is soos jy weglê aan ‘n wêreldklas Eisbein of Bushman sosatie nie. Agter die spreekwoordelike skerms, word berge versit om die plek wêrledklas – en skoon - te hou.

Dit was Filemon wie die mamba eerste opgemerk het – so paar weke voor die ’insident’.

Sien, oorkant Joe’s is daar so groterige oop veld, en die einste veld se muis- en rotbewoners het vermoedelik agtergekom hoe om toegang te kry tot die vuillisdromme - net voor die munisipaliteit dit daagliks kom haal. Met fyn tydsberekeing het ‘n paar meister-rotte die verkeerspatrone om Joe’s, en afvoer skedule van die vuillis lorries bestudeer, en vermoedelik die spreekwoordelike gaping raakgesien.

So… Van tyd tot tyd kon die rotte met ‘n fyn sin vir tyds- en verkeersberekeing toegang kry tot wat in die rotte volksmond as Nirvana bestempel kon word.

Die effense komplikasie was dat die mamba weer die rotte bestudeer het, en toe ‘n soortgelyke som gemaak het: Hoekom sou sy heeldag agter rotte aan seil, en die stomme goed probeer voorlê, as sy hulle bloot by die vuillis kampie kon gaan inwag? Met minum ongerief en moeite was middag- en aandete toe verseker – met die addisionele bonus dat party rotte na sampioensous gesmaak het, en ander weer na knoffel sous… Die gevolg was dat ‘n redelik middelmatige mamba toe met merkwaardige spoed ‘n tamaai mamba word.

Filemon het die slang spore begin opmerk, maar hy het ook geweet dat die slang waarsynlik beter rot beheer sou toepas as hy. So-by-so was Filemon se spoed effe aan die kwyn, en die laaste ding waarvoor hy lus was was om agter rotte op die perseel aan te hol.

So terwyl die slang dik gevoer was, en ‘n betroubare ontsnap roete gehad het, het Filemon die spreekwoordelike Godswater oor Godsakker laat loop. Die verstandhouding het vir beide goed gewerk. Filemon het die slang uitgelos, en die slang het die rot probleem onder beheer gehou. Later het Filemon die slang se lê plek so van 30 treë af geken, en van daar af het hulle mekaar gesien, en aangegaan met hul dagtaak.

**Die aand van die insident:**

Die aand van die insident was Joe’s weer tot barstens toe vol. Dit was toergroepe, jagters, diplomate, studente, backpackers, boomrokers, vegetariers en opportuniste – iets van als.

Al 550 sitplekke was reeds ‘besete’, die Draught bier het gevloei, die vuur in die Lapa het Hemelshoog klein vonkies die nag ingestuur, en die algehele, kollektiewe gemoed was … mooi. By die kroeg het die mense al 4 diep om al die toonbanke gestaan om verversings aan te vul vir die pelle wat verder agtertoe wag.

Dit was om ongeveer 20h30 toe die mamba uit ‘n diep slaap wakker word, so lekker strekkie gee, en toe verkeerde kant toe rol.

Pleks van om op die balk te rol, rol sy toe af van die ding af. En val toe so 4 meter ver tot op ‘n tafel met 24 inkomende jagters (meestal Germaans, as die kort hare en draakvel stewlels enige aanduiding is.)

Dis redelik maklik om in Suidwes te onderskei tussen inkomende en uitgaande jagters.

Die een klomp is op pad om te gaan jag, en die ander klomp is klaar gejag.

Die mees opvallende kenmerk is dat die uitgaande jagters heelwat harder op mekaar skree, -weens die tinnitus en bom skok. Alles onder 2000 Decibells gaan hulle salig verby.

Inkomende jagters skree gewoonlik sagter op mekaar, maar onder hulle is daar so kollektewe bewerasie te bespeur – baie soos Pieter se hond Seun - as hy hom vertel het hulle gaan by die hond se niggies kuier. (Bloedskande was nie een van Seun se hoof bekommernisse nie). Die hond het die ‘grout’ tussen die kombuisteëls uitgegrou op pad kar toe, en in die kar het hy daai VW Beetle se wielsporing uit gebewe.

Die effense komplikasie was dat beide groepe jagters – in groot getalle ook – die aand by Joe’s aan tafel was. Aan verskeie tafels, trouens. Wat dinge effe verder gekompliseer het, was dat hulle die goeie lokale raad gevolg het om nie hul bagasie in die karre en bussies te los nie. (Hier en daar was daar al ‘n insident waar ‘n lokale Windhoeker van onbekende adres sy aardse besittings en lewensgenot aangevul het uit toeriste se voertuie uit.) Deel van die bagasie wat hulle saamgebring het – en so langs hulle en onder die tafels gesit het – was … jip: Jag gewere. En baie ammunisie. En jagmesse en pyle met boeë wat satteliete kon afskiet.

Dit eers daar gelaat.

Dan was daar Rehoboth se eerste en tweede rugbyspanne wat teen Windhoek se spanne kom speel het. Soos dit later sou byk, het van die Rehoboth manne voorbereid gekom op meer as net ‘n rugby onderonsie. Mens steek nie die Kaplyn oor met ‘n knipmes en ‘n kierie nie, gaan die lokale wysheid.

Dan was daar een of ander hooggeagte, hooggeplaasde minister van eerlike herkoms- en klaarblyklik soortgelyke intensie, en sy se Chinese gaste – so 30 stuks van hulle - maar meer spesifiek – baie lyfwagte – …afkomstig van twee verskillende leërs.

Die lyfwag ouens (peleton sterkte aan beide kante) het aan verskeie tafels – rondom die hooggeplaaste gaste gesit – en het twee dinge probeer doen: Een was om mekaar met stories van heldhaftige veldslae - waarin hulle die vyhand eiehandig met ‘n pikstel doodgemoer het te vermaak, - en die ander was om te poog dat die kanonne onder hul kollektiewe jasse nie te opsigtelik uitsteek nie.

Dan was daar die gewone Suidwesters. Ouens met kortbroeke en vellies, en dames met jeans en mooi bloese, en lekker ruik water agter hul ore gesmeer.

Buite was daar so hier en daar ‘n persoon of twee wat onder die bedrieglike dekmantel van ‘n kar wag alternatiewe, boheems, selfgierige intensies gehad het – soos om besoekende Germaanse toeriste van ‘n potensiële oorgewig bagasie probleem by die lughawe te verlos. Bloot omdat hulle weens hul verkose beroepsrigting effe bedreig gevoel het, het een of twee van hulle ‘n knipmes saam gebring - vir die wis en onwis.

Laastens was daar so paar plat-op-die-aarde boere. Hulle het niks saamgebring nie. Want dis as ‘n reël nie nodig nie. Hierdie groep manne kan ‘n piksteel oor sy knie breek, en dan bloot omdat hy effe ingedagte oor iets staan en wonder. Om met die span van hierdie genetiese samestelling te loop skoorsoek, het OOK die gevolg dat mens gewoonlik nie lank genoeg leef om hoegenaamd iets uit daai oordeelsfout te leer nie.

Laastens was Carol ook daar. Joe’s se beeldskone eienares. Ten spyte van haar mooi voorkoms, en (meestal) saggeaarde lewensbenadering, het Carol ook die rare vermoë om – sonder dat sy uit haar stoel opstaan – die Vrees van die Here in ‘n baie groot skare in te boesem.

**Die neerdaal:**

Slange – so het ons toe geleer, val nie in een posisie as hulle onbepland aarde toe kom nie. Hulle wriemel en draai en vroetel met vreeslike (letterlik) geesdrif – baie soos ‘n Bolandse eekhoring wat ‘n akkerboom se tak mis getrap het, en op pad is sypaadjie toe. Dit weer, trek aandag. Veral as dit oor so 3 tot 4 meter vanaf die dak balk tot op die tafel direk onder die balk geskied.

**Die landing:**

Slange – so het ons toe ook geleer - gaan lê nie tjoepstil as hulle tussen 26 bier bekers, 18 wyn glase, 8 bottles wyn, 200 Jaegermeister glase,14 Eisbein’s, 5 Schnietzels en 3 vegetariese disse op ‘n tafel te lande kom nie. Geensinds.

Mens sou dink die ding sou omrol, vir die mense ogies maak, en vir ‘n pensie krap smeek – maar moenie glo nie. Die slang se optrede herinner nogaal aan my hoërskool kosmatrone as sy ons binne in haar kos spens vasgekeer het, ten tye van ons pogings om die vervaldatums op van die kos items se verpakking na te gaan. Met ‘n pantoffel en een hand, en ‘n sop spaan in die ander kon sy nie meer skade aanrig as iemand vir haar ‘n industrieële kettingsaag gegee het nie.

Slange wat op Joe’s se tafels land, volg ‘n baie soortgelyke benadering: Hulle probeer afstand skep tusen hulle en die gillende mense – op die enigste manier tot hul beskikking… en dis nie sjarme nie.

**Die Opstanding:**

Diep, diep in ‘n mens se genetiese kode is daar skynbaar ‘n programmetjie wat jou laat opstaan as ‘n slang op jou etenstafel val. Dis waar, veral in aggenome dat 24 Germane dit toe gelyktydig, en met indrukwekende spoed - en militêre presissie doen.

Dan is daar skynbaar ‘n sortgelyke programetjie wat ander mense ook laat opstaan as een tafel vol groot Germane eensklaps opstaan met ‘n kreet van ‘Mein Gott!’

En ek het later – in nabetragting - afgelei die opstaan-optrede is skynbaar ook besonders aansteeklik, want min mense het bly sit om klaar te eet – veral toe die Germane die opening salvo van 300 skote binne 4 sekondes op die slang se laaste bekende posisie afvuur.

**Die misverstand(e):**

Die ding met ‘n besige restaurant wat opgedeel is in verskeie vertrekke, is dat mens nie aldag die oorsaak van een of ander opwinding kan sien nie. Die afvuur van skote wat die Slag van Majuba na ‘n kindertuin uitstappie laat klink, het desnieteenstaande die uitwerking dat mense tot een of ander beskrywing van aksie oorgaan.

In geen spesifieke volgorde nie – het die volgende toe gebeur:

**Die Germaanse toerooi.**

Die Germane op wie se tafel die slang geland het, het volgens die ander groep Germane (wie toe klaar gejag was, maar wie se roere ook by hulle aan tafel was) ‘n onregverdige voorsprong gekry.

Want hulle het – aldus hul voorsitter KLAUS Von Hohenzollering IIV – eers van die slang bewus geword toe die ding lug-langs op hulle tafel afpeil. Aldus Klaus sou die eerbare ding van die eerste groep Germane gewees het om hulle immers net te waarsku alvorens die eerste salvo gevuur is, sodat hulle kon deel in die redding van die ganse mensdom.

Die misvertand is effe vererger toe lede van die tweede groep Germane die afleiding begin maak het dat die eerste groep op hulle skiet. Hulle sou later – oor ‘n bier of twee - die verskonings aanvaar dat die lugvaartkundige- en bedrewe slang die eintlik teiken was – maar eers nadat die tweede groep in self verdediging - en blote verontwardiging - begin terug skiet het.

**Boeresport (of toe nie)**

Die Boere het regtig sleg – en droeëbek - van die petalje afgekom. Dis omdat die meeste van hulle by die kroeg gestaan het toe die skote begin loop het. Soos een man het hulle glase neergesit, en na knipmesse en nabygeleë stokke en goed gevat wat tydens onderonsie skikking aangewend kan word, …maar toe gebeur Carol.

Sy het opgestaan en net een keer gesê: ‘SIT!’

As jy eendag die liewe Carol ontmoet, sal jy verstaan.

150 Boere lê toe om twee redes net daar die wapen neer: Enersyds, omdat hulle graag weer daar wil gaan kuier (Joe's in regtig 'n lekker kuier plek, en mens pas sulke goed mos maar op), en tweedens omdat Carol so gesê het.

150 Ouens draai toe net daar om, en wys vir die kroegman met so sirkelbewegingtjie van die vinger dat 'n rondte op almal vir sy rekeing is. En ja – 'n dubbel is reg.

**Die lyfwagte – en die diplomatieke insident.**

Die ding kon lelik geraak het, want militêre instink het ingeskop. Westers en Oosters. Met die Genade van Bo was KFC toe al 'n redelik integrale deel van lokale weermagopleiding, so die effense gebrek aan flinkheid (ook aangehelp deur 'n gemoedelike Stroh Rumpie hier en daar) was toe die grootste bydraer aan relatief lae lewensverlies aan die kollektiewe hande van die armade lyfwagte.

Toe van die seksie- en peleton leiers boonop die afleiding maak dat die Germane op daardie stadium die meeste vuur op mekaar se stellings gekonsentreer het, het hulle op 'n ander krisis begin fokus: Een meer van diplomatieke aard:

Die Chinese gaste was verby woedend dat die slang nie op hul spyskaarte was nie. Carol moes behoorlik bontstaan en verduidelik dat daar regtig ook net Steak & Kidney Pie is – nie Snake and Pigmy nie.

Die politikus het probeer om te verduidelik, maar in die nabyheid van soveel getrekte swaarde – sommige skynbaar nie heeltemaal so seremonieel soos aanvanklik aangedui nie – het stilbly en stil sit redelik vinnig vir hom na 'n uiters verstandige opsie begin lyk.

Soos alle politici, was hy ook een van die tipe wie 'n goeie 'fight' kan *praat*, maar liefs nie demonstreer nie, en boonop was hy ras-eg in die opsig dat hy heelwat beter aangelê was om probleme op Olimpiese skaal te veroorsaak, as uitsorteer. Hy sou later in The New Era verduidelik hoe hy die hele situasie gekalmeer het, en die uitbreek van die Derde Wêreld oorlog in Joe's die spreekwoordelike loef afgesteek het.

**Die Rehoboth spanne:**

Hier moet ek eers bietjie agtergrond verduidelik:

Dit begin by dans:

**Die dans by Stilbaai:**

Ek het in standerd 9 plattelandse skool toe gegaan. Een van die opvallende verskille in kultuur en sosiale omgang was dans: In die stad kon jy oor die telefoon ook dans. In die platteland sou 'n telefoon oorbodig wees, want daar het dansmaats aan mekaar vasgehou en treetjies en beweginkies gemaak wat mekaar gekomplimenteer het.

Ek was vertroud met die eerste tipe. Nie met die tweede tipe nie.

Die eerste skoolvakansie van my Standerd 9 jaar eindig ek toe saam met (skynbaar) die res van die skool op by Stywe Lyne se dans – in die karavaanpark in Stilbaai. Daar was 'n sokkie aan. In ander woorde – 'n dans van die vashou tipe.

Ek kon nie vas dans nie. Ek kon oor die telefoon ruk. Niemand het hier so gedans nie. Ek sit toe maar langs die dansbaan in my nuwerwetse uitrusting (uit die stad afkomstig) en kyk vir die dansers. Dit het darrem nie te ingewikkeld gelyk nie, en ek het myself begin wysmaak dat as hulle dit kon doen, kon ek seker ook: Foutjie.

Toe ek weer kyk, begin Joan Armatrading se Drop The Pilot speel. En voor ek my voet in ritme kon stamp, staan my een niggie voor my. Sy was van die voller figuur, en van die plaas afkomstig. Sy het ‘n aangename persoonlikheid en enorme boesem gehad. Legendaries in omvang. Sy kon ook eiehandig – sou ek later hoor – ‘n varksog onder elke arm op die plaas en vendusie krale ronddra – ons praat hier van 300 pond varke.

Sy’t my gevra om te dans. Ek het ‘n ligte paniekaanval ervaar, en ja gesê. Dit was ‘n oordeelsfout.

Toe ek die derde keer in die eerste twee sekondes haar maermerrie in my onbeholpenheid raaktrap, toe gebeur die ondenkbare…

Sy het my styf teen haar vasgedruk (geen protes of teenkanting op daardie stadium nie), haar arm so ent om my ribbes gedraai.., en toe tel sy my onseremonieel op - en dans die res van die liedjie met my klaar – sonder dat my voete een keer weer grond gevat het.

My gesig was tussen twee enorme buuste vasgedruk, en net as ons om draaie ‘gedans’ het, het my kop so effe agteroor gebuig, sodat ek weer kon asem kry.

Ek het jare daarna nog gewonder of ouens wie daarvan hou om gewurg te raak tydens hul uitreik na hul medemens, op soortgeyke wyse aan die afwyking blootgestel is. Ek kan egter hier - voor almal, en met ‘n skoon gemoed (van soorte) - getuig dat versmoring – op watter wyse ookal – nie een van my fantasieë geword het nie. Vir my het daai dans bloot om oorlewing gegaan.

Na die ‘dans” het sy my by my stoel gaan neersit, en bedank vir die heerlike dans. Ek het iets terug gehyg. Sy het voorgestel dat ons weer dans. Ek het opgestaan, uitgerek, geglimlag… onseremonieel weggehardloop, en onder ‘n bos gaan wegkruip tot die musiek stil geraak het.

**Die Posduifsaal dans:**

In my Weermag dae steek die dans gogga toe wragtag weer kop uit. (Die emosionele wonde na Stilbaai was nog rou – maar die Army was nie die plek vir bekentenisse en dergelike nie.) Daar was goed waarvan self die dominiees nie hoef te geweet het nie.

Ons was besig om ‘n Germaanse bruisdrankie in die onderoffisiere menasie te geniet, toe Marius voorstel dat ons die sokkie by die Posduif saal - net buitekant Bloemfontein met ons teenwoordigheid gaan vereer.

Marius het gehoor dat die dans bygewoon sou word deur ‘n leërskare dames van die platteland, wie hulself geroepe gevoel het om ons van die juk van ons kollektiewe maagdelikheid te verlos. Daarna het dit nie veel oortuiging gekos nie. Wensdenkery is nie ‘n man se maat nie.

Ons kon ook meer ouens is sy Ford Sierra inpak as troepe agter op ‘n Samil 50.

So is ons seker 20-stuks oor na die sokkie toe.

Daar aangekom, het ek myself by ‘n tafeltjie agter in die saal loop tuismaak – terwyl ek vir twee hubare dames elk ‘n drankie gekoop het en dans tot alle koste vermy het. Met my pittighede en sprankelende persoonlikheid het ek besluit om eerder met hul intellek te probeer dans – voor ek weer aan onwilikeurige versmoring onderwerp word.

Ek het nog so gesit en klets, toe die onafwendbare gebeur: ‘n Parabat dans toe in my een infanterie pel vas – absoluut per ongeluk, maar toe’s die spreekwoordelike vet in die vuur: Sekondes later was almal in die Posduif saal aan’t boks. 1 SAI en die Parabats het ‘n vete wat skynbaar al vir 500 jaar aankom.

Toe ek weer kyk, sak my moed in my skoene: ‘n Klomp van die 1 SAI ouens het uitgehardloop… Ek besef toe die 1 SAI ouens wie bly staan het, gaan vanaand vrylik bloei: Die Bats was super fiks en elk toegerus met 25 kilogram rou testosteroon.

Sekondes later verander die prentjie toe weer. Die 1 SAI ouens het toe nie weggehardloop nie – hulle het gaan kar ‘spanners’ haal! Jacks en yster pype en dergelike.

Hul gewapende hertoetrede tot die onsmaaklikhede het die gewensde effek gehad, en die geveg is toe in die infanterie se guns beslis. Ek is relatief heelhuids, maar seksueel ongeskonde saam met ‘n klomp ouens terug kamp toe, maar in ‘hindsight’ was ek nie te dikbek nie: My mond was heel, al my tande kon rollcall antwoord, en niemand het my probeer versmoor nie.

**So terug by Joe’s, en die Rehoboth manne:**

Toe die skote begin loop, en die gevegskrete helder opklink, het die Rehoboth bestuur en spanne soos een man vir die deur gehol. Ek het gedink dit was die eerbare en by verre die intelligentste ding om te doen.Op daardie stadium was Germane, Wamboes, Chinese en so paar opportuniste van twyfelaftige herkoms besig om die rook uit mekaar te skiet, spoeg, kap, skop en slaan.

Minute later sou dit blyk dat die Rehoboth spanne – soos die 1 SAI ouens van ouds – nie weggehardloop het nie – hulle het net hul roere en slaangoed in hul karre en plat bakkies met die vet wiele gaan haal.

In die terughardloop het Oom Diergaard (spanbestuurder) begin agter raak. Hy was immers al 73, en het hom bloediglik vererg vir die jonger manne wie vir hom weggehardloop het – op pad terug oorlogsone toe.

In sy verergdheid begin hy toe op hulle skiet – meer om aandag te trek – sou hy later tydens ‘n spanpraatjie verduidelik. Van die voorste (en vinnigste spelers) het oor hul skouers begin terugskiet, vas onder die indruk dat die pseudo - karwagte opgegradeer het van Okapi messe, na Lee Enfields of dergelike toe.

Die betrokke “karwagte”, het ons later gehoor, het hulle net daar tot die geloof en begeesterde bediening gewend, en kan nou op meeste Sondae gesien word waar hulle Doom op sondaars spuit, en geeste uitdryf.

Toe Oom Diergaard – toe al op sy derde magasyn - uiteindelik weer by Joe's opdaag, het die eerste ambulanse net weggetrek. Die plek was stil, en Carol het alles weer onder beheer gehad.

Wapens was almal op Stand zero, die Germane het *apfel strudel* met room bestel, en die Chinese se swaarde was terug in skedes.

Die lyfwagte het mekaar met sulke bloedbelope ogies – sommiges rond, sommiges meer plat – aangekyk - met daai uitdrukking van: Het julle dit ook gesien?

**Filemon:**

So paar dae later stap Carol een middag sommer saam met Filemon op sy rondtes. Toe hulle by die vuillis kampie aan die Noordekant kom, maak Carol die opmerking: "Dis goed dat die donnerste slang ten minste dood is."

Filemon het haar so tydjie aangekyk en gevra: "Hoe bedoel jy dan nou?"

"Die slang, Filemon. Die bleddie ding wat soveel stront veroorsaak het. Eks bly die ding is immers vrek geskiet."

Hy't haar so tydjie aangekyk, en toe kyk hy oor haar skouer.

"Ek verstaan nie vir jou nie. Is daai slang daar agter jou in die hoek dan 'n ander een?"

Carol het nie omgekyk nie.

Sy het net teruggestap kantoor toe. Maar nie reguit nie. Sy het eers by die kroegtoonbank gaan sit, en met so lang nael eenkeer op die toonbank getik. Johan, die kroegman en drank transportasie konsultant het geweet om nie vrae te vra nie.

Hy het vir haar 'n beker swart koffie gebring. Met brandewyn in.